
Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

# DEPARTEMENT ONDERNEMINGSBESTUUR
## FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

2022



As jy jou in die toekoms in 'n bestuursposisie in die sakewêreld voorstel – en as jy 'n kwalifikasie in Ondernemingsbestuur wil verwerf – is jy nou by die regte plek.

**BCom in Bestuurswetenskappe | Hons in Bestuurswetenskappe | Verskeie fokusareas**

# BOODSKAP VANAF DIE DEPARTEMENTELE VOORSITTER

# Jou vertrekpunt vir ’n toekoms in Ondernemingsbestuur

Ongeag of jy jou toekomstige self as ’n topbestuurder, spesialis of entrepreneur sien, ’n kwalifikasie in **Ondernemingsbestuur** by die Departement Ondernemingsbestuur aan die Universiteit Stellenbosch sal jou goed te staan kom.

Ons bied ’n driejarige **BCom in Bestuurswetenskappe** aan wat verskeie fokusareas dek, ’n vierjarige **BCom in Internasionale Besigheid**, en ’n eenjarige **Honneurs in Ondernemingsbestuur** wat verskeie fokusareas dek.

Die onderskeie fokusareas stel jou in staat om kundigheid te verwerf in onder meer entrepreneurskap en innovasiebestuur, finansiële bestuur, finansiële beplanning, beleggingsbestuur en bemarkingsbestuur. Hierdie kundigheidsgebiede kan in enige bedryf toegepas word, plaaslik sowel as internasionaal.

Oorkoepelend beskou, wil ons jou anders oor die sakewêreld laat dink. Ons wil jou aanmoedig om nuuskierig te wees en nooit op te hou leer nie, want ons glo dat sterk leerbaarheid en ’n ondersoekende gees belangrike kenmerke is van deursettingsvermoë in ’n voortdurend veranderende sakeomgewing.

Sagte vaardighede wat noodsaaklik is om jou op die sakeomgewing voor te berei, is by die modules ingeweef. Voorbeelde van sulke vaardighede is leierskap, kritiese denke, emosionele intelligensie, skeppende denke, kognitiewe buigsaamheid en probleemoplossing.

Dit is waarom ons programme as belangrike mylpale kan dien op jou loopbaanpad om ’n sakeleier, innoveerder of spesialis te word wat sinvolle werk wil verrig, ongeag waar jy in diens is.

Ons leerfilosofie is op ervaringgerigte leer gegrond. Dit beteken dat ons studente deur aktiewe deelname en nadenke leer. Só kan jy leer en regte-wêreld ervarings bymekaar bring en beter probleemoplossings- en besluitnemingsvermoëns ontwikkel.

Die Departement is daartoe verbind om ’n verwelkomende en ondersteunende omgewing te skep waarin jy akademies én persoonlik kan groei. Dit is vir ons belangrik om hoë standaarde in onderrig sowel as leer te handhaaf.

Die inligting wat volg, kan jou leiding gee om oor ’n BCom-graad in Bestuurswetenskappe te besluit. **Moet egter asseblief nie jou finale besluit slegs op grond van die inligting in hierdie brosjure neem nie. Sorg dat jy ook die Universiteit Stellenbosch se Jaarboek raadpleeg.**



Prof Christo Boshoff



# BCom (Bestuurswetenskappe)

Moderne ondernemings het verskeie funksionele gebiede wat bestuur moet word om strategiese doelwitte te verwesenlik. Daar is byvoorbeeld finansies, bemarking, beleggingsbestuur, innovasiebestuur en beplanning.

Die oogmerk van die fokusareas binne die BCom (Bestuurswetenskappe) is om jou te help om 'n kundigheidsgebied te bemeester, markverwante vaardighede te ontwikkel en op 'n loopbaanrigting te besluit. Daar is vyf fokusareas waaruit jy een kan kies: entrepreneurskap en innovasiebestuur, finansiële bestuur, finansiële beplanning, beleggingsbestuur en bemarkingsbestuur. Elk word deur kundiges in die spesifieke veld aangebied. Die fokusareas stel jou in staat om die werkplek as 'n kundige te betree.

Die eerste jaar van die BCom (Bestuurswetenskappe) bestaan uit algemene modules wat jou aan die verskillende vakgebiede in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe bekendstel. Verpligte eerstejaarsvakke is onder meer Ondernemingsbestuur, Ekonomie, Finansiële Rekeningkunde, Professionele Kommunikasie, Statistiek en Datawetenskap, en Renterekening. Die waarde van hierdie blootstelling is dat jy dan 'n ingeligte besluit oor jou fokusarea in die tweede jaar kan neem. Die algemene eerste jaar stel jou ook in staat om die fokusarea wat jy aanvanklik in gedagte gehad het vir 'n ander te verruil, sou jy dalk besef dat daar 'n ander vakgebied is waarin jy meer belangstel.

In die tweede en derde jaar kan jy dan vir die spesifieke fokusarea van jou keuse inskryf.

# Programinligting

| | |
|---|---|
| **Duur van program:** | 3 jaar, voltyds |
| **Toelatingsvereistes tot BCom:** | Nasionale Senior Sertifikaat-gemiddeld van 65%, Wiskunde minstens 60%, voldoening aan die taalverwante toelatingsvereistes vir EBW (Engels en Afrikaans Huistaal 50% OF Engels en Afrikaans Aanvullende Taal 60%) |
| **Onderrigtaal:** | Die eerste jaar van alle voorgraadse programme word in parallelmedium onderrig (Engels en Afrikaans in afsonderlike groepe), behalwe sommige modules wat slegs in Engels aangebied word. In die tweede en derde jaar verskil die onderrigtaal van module tot module. Dit kan óf een van óf 'n kombinasie van meer as een van die volgende wees: parallelmedium-onderrig (Engels sowel as Afrikaans, in afsonderlike groepe), Engels met ondersteuning in Afrikaans, of – by uitsondering – slegs Engels. |
| **Plek van aanbieding:** | Alle kontaksessies word, tensy anders aangedui, op die Universiteit Stellenbosch se hoofkampus aangebied. |
| **Sluitingsdatum vir aansoeke:** | Raadpleeg die Universiteit se webblad, die US Jaarboek of albei. |
| **Graduering:** | Alles studente gradueer met 'n BCom in Bestuurswetenskappe van die Universiteit Stellenbosch. |
| **Jaarboek:** | Kry meer inligting oor die Departement Ondernemingsbestuur se programme in die Jaarboekdeel vir die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe by hierdie skakel. |

"Die grootste suksesfaktor van my graad is tersaaklikheid ... Die werk wat ek nou doen, is dalk ingewikkelder en op groter skaal, maar ek het gebaat by die modules wat tydens my graadprogram aangebied is deurdat minder opleidingswerk nodig was toe ek my pos aanvaar het. Dit het die oorgang vir my sonder haakplek laat verloop en my toegelaat om gouer tot hoër funksies bevorder te word omdat ek van die heel begin af waarde kon toevoeg" [uit Engels vertaal].

**Bongi Shabalala, BCom (Bestuurswetenskappe) alumnus**



# FOKUSAREA: ENTREPRENEURSKAP EN INNOVASIEBESTUUR

**Daar is wêreldwyd sterk aanvraag na innovasie- en entrepreneursvaardighede sodat skeppende oplossings gevind kan word vir 'n wêreld wat al meer kompleks word en vinniger verander, en vir maatskappye wat hul mededingende voorsprong wil behou.**

Baie mense glo dat die impak van entrepreneuriese kapitaal besig is om dié van kenniskapitaal verby te steek. Entrepreneurskap is individue en maatskappye se vermoë om risiko's te neem deur innoverende sakeskuiwe te onderneem. Sulke ondernemings kan deur middel van nuwe en verbeterde produkte en dienste ekonomiese groei aandryf, verandering moontlik maak, en werk en welvaart skep.

Hierdie BCom met entrepreneurskap en innovasie-bestuur as fokusarea sal jou toerus met die entrepreneuriese denke wat jy nodig het om jou eie onderneming te begin of by die innovasie_ bestuurspan van 'n organisasie aan te sluit.

**Die modules vir hierdie fokusarea, wat jy in die tweede en derde jaar bestudeer, stel jou aan die volgende bekend:**

- Inleiding tot entrepreneurskap
- Kleinsakebestuur
- Kreatiwiteits- en innovasiebestuur
- Strategiese bestuur
- Korporatiewe entrepreneurskap, en
- Die bestuur van sosiale verantwoordelikheid.

**Wat is jou loopbaanmoontlikhede?**
As entrepreneur kan jy jou eie onderneming begin of by die entrepreneurs- en/of innovasiespan van 'n bestaande organisasie aansluit (d.w.s. 'n entrepreneur word). Ander loopbaankeuses sluit dié van bestuurskonsultant en nuweproduk-bestuurder in. Veral innovasiebestuurders is sterk in aanvraag, aangesien hulle help vorm gee aan die kultuur en prosesse wat nodig is om innoverende idees in 'n werklikheid te omskep en om organisasies vorentoe te laat beweeg.

## Oorsig van driejarige program met Entrepreneurskap en Innovasiebestuur as fokusarea

| BCom (Bestuurswetenskappe) | | |
|---|---|---|
| Fokusarea: Entrepreneurskap en Innovasiebestuur | | |
| Jaar 1 (126 krediete) | Jaar 2 (minstens 128 krediete) | Jaar 3 (minstens 120 krediete) |
| **Verpligte modules**<br><br>Ondernemingsbestuur 113(12), 142(6)<br><br>Ekonomie 114(12), 144(12)<br><br>Finansiële Rekeningkunde 188(24)<br><br>Inligtingstelsels 112(6)<br><br>Professionele Kommunikasie vir EBW 144(6)<br><br>Statistiek en Datawetenskap 188(18)<br><br>Renterekening 152(6)<br><br>**Aanbevole keusemodules**<br>*Plus enige 24 krediete uit die volgende:*<br><br>Bedryfsielkunde 114(12), 144(12)<br><br>Inleiding tot Vervoer- en Logistieke Stelsels 144(12)<br><br>Politieke Wetenskap 114(12), 144(12)<br><br>Filosofie 114(12), 144(12)<br><br>Sosiologie 114(12), 144(12) | **Verpligte modules**<br><br>Ondernemingsbestuur en Innovasiebestuur 214(16)*, 244(16)*<br><br>**Aanbevole keusemodules**<br>*Plus 96 krediete waarvan minstens 64 uit twee van die volgende moet kom:*<br><br>Ekonomie 214(16)*, 244(16)*<br><br>Finansiële Bestuur 214(16), 244(16)*<br><br>Bedryfsielkunde 224(16)*, 252(8), 262(8)<br><br>Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 214(16)*, 244(16)*<br><br>Bemarkingsbestuur 241(16)*, 244(16)* | **Verpligte modules**<br><br>Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 318(24), 348(24)<br><br>Bestuur van Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid 314(12)<br><br>Strategiese Bestuur 344(12)**<br><br>**Aanbevole keusemodules**<br>*Plus 48 krediete uit een van die volgende vakke:*<br><br>Finansiële Bestuur 314(12), 332(12), 352(12), 354(12)<br><br>Bedryfsielkunde 314(12), 252(8), 324(12), 348(24)<br><br>Bemarkingsbestuur 314(12), 324(12), 344(12), 354(12) |

* Jy moet minstens 32 krediete uit skryf- en inligtingverrykte modules (gemerk met *) neem.

** Strategiese Bestuur 344(12) is een van die voorvereistes vir die HonsBCom (Bestuurswetenskappe) met spesialisering in Strategie en Innovasie.

Besoek **die Fakulteit se webblad vir voorgraadse akademiese programme** vir module-omskrywings.

"Dit het my gehelp om dinge vanuit 'n strategiese en innovasieperspektief te beskou. In alle take wat aan my opgedra word, dink ek aan 'die hoekom', en dit het my regtig gehelp om die werk in my spesialisasieveld – bestuurskonsultasie – op 'n hoër vlak te verrig" [uit Engels vertaal].

**Nyasha Jokomo, BCom (Bestuurswetenskappe) alumnus**



# FOKUSAREA: FINANSIËLE BESTUUR

**Deeglike kennis van finansiële bestuur is noodsaaklik vir die finansiële gesondheid van enige onderneming. Die BCom met hierdie fokusarea rus jou toe vir indiensneming in die privaat sowel as die openbare sektor waar gespesialiseerde kennis van finansiële bestuur vereis word om operasionele bedrywighede, kapitaalinvestering en finansieringsbesluite strategies te beoordeel.**

Die modules vir hierdie fokusarea, wat jy in die tweede en derde jaar neem, stel jou aan die volgende bekend:

- Ontleding van finansiële state
- Evalueringstegnieke
- Finansiële beplanning en beheer
- Kapitaalinvestering
- Amalgamasies en oornames
- Gedragsfinansies, en
- Finansiëlebestuursnavorsing.

### Wat is jou loopbaanmoontlikhede?

Met kennis van finansiële bestuur kan jy 'n loopbaan as finansiële ontleder, finansiële bestuurder of finansiële direkteur in enige bedryf volg. Tipiese postitels in die finansiëledienstebedryf is onder meer finansiële ontleder, finansiële kontroleerder, kredietbestuurder en risikobestuurder.

Of jy 'n maatskappy, 'n finansiële departement of 'n sekere aspek van finansies wil bestuur, die vaardighede wat jy deur hierdie fokusarea sal verwerf, sal aan jou 'n stewige grondslag verskaf. 'n Sentrale tema wat in die modules in hierdie fokusarea vervleg is, is dié van bestuur wat op waardes gegrond is. Die klem op waardes (meervoud) eerder as waarde (enkelvoud) toon hoe belangrik dit is om volhoubare waarde op lang termyn te genereer.

## Oorsig van driejarige program met Finansiële Bestuur as fokusarea

| BCom (Bestuurswetenskappe) | | |
|---|---|---|
| Fokusarea: Finansiële Bestuur | | |
| Jaar 1 (126 krediete) | Jaar 2 (minstens 128 krediete) | Jaar 3 (minstens 120 krediete) |
| **Verpligte modules** | **Verpligte modules** | **Verpligte modules** |
| Ondernemingsbestuur 113(12), 142(6) | Finansiële Bestuur 214(16) | Finansiële Bestuur 314(12), 332(12), 352(12), 354(12) |
| Ekonomie 114(12), 144(12) | Finansiële Bestuur 244(16)* of Beleggingsbestuur 254(16) | **Aanbevole keusemodules** *Plus 72 krediete uit die volgende, waarvan minstens 48 uit een vak moet kom:* |
| Finansiële Rekeningkunde 188(24) | **Aanbevole keusemodules** *Plus 96 krediete waarvan minstens 64 uit twee van die volgende moet kom:* | Ekonomie 318(24), 348(24) |
| Inligtingstelsels 112(6) | Ekonomie 214(16)*, 244(16)* | Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 318(24), 348(24) |
| Professionele Kommunikasie vir EBW 144(6) | Ondernemingsbestuur en Innovasiebestuur 214(16)*, 244(16)* | Finansiële Rekeningkunde 389(48) |
| Statistiek en Datawetenskap 188(18) | Finansiële Rekeningkunde 288(32) | Bestuur van Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid 314(12) |
| Renterekening 152(6) | Bemarkingsbestuur 214(16)*, 244(16)* | Bemarkingsbestuur 314(12), 324(12), 344(12), 354(12) |
| **Recommended electives** *Plus enige 24 krediete uit die volgende:* | | Strategiese Bestuur 344(12) |
| Bedryfsielkunde 114(12), 144(12) | | |
| Inleiding tot Vervoer- en Logistieke Stelsels 144(12) | | |
| Politieke Wetenskap 114(12), 144(12) | | |
| Filosofie 114(12), 144(12) | | |
| Openbare en Ontwikkelingsbestuur 114(12), 144(12) | | |
| Sosiologie 114(12), 144(12) | | |

* Jy moet minstens 32 krediete uit skryf- en inligtingverrykte modules (gemerk met *) neem.

**As jy Bemarkingsbestuur 214 en 244 neem, moet jy ook Finansiële Bestuur 214 neem. Raadpleeg ook die Jaarboek oor die voorvereistes vir Bemarkingsbestuur 214 en 244.**

Besoek <u>die Fakulteit se webblad vir voorgraadse akademiese programme</u> vir module-omskrywings.

"Die inhoud wat tydens my voorgraadse studies behandel is, was uiters toepaslik, en die geesdriftige dosente het die ervaring na 'n hoër vlak geneem. Ek het my honneursgraad in 2020 verwerf. In vergelyking met die meer teoriegebaseerde modules voorgraads, het ek in my nagraadse studies blootstelling aan 'n meer praktiese en lewensgetroue perspektief gekry ... Ek het werklik waardering vir die invalshoeke wat die modules Waardesgebaseerde Finansiële Bestuur (717) en Korporatiewe Gedragsfinansies (771) gebied het, en ek weet dit word nie by ander tersiêre instellings in Suid-Afrika aangebied nie" [uit Engels vertaal].

**Liam Johnson, HonsBCom-alumnus**



# FOKUSAREA: FINANSIËLE BEPLANNING

**Finansiële beplanners help mense om hul lewensdoelwitte ten opsigte van finansiële welstand te bereik en om finansiële terugslae in die lewe te kan hanteer deur 'n verskeidenheid finansiële produkte te benut, maar ook deur kliënte se veranderende finansiële omstandighede en die regulatoriese omgewing in ag te neem. Spesialiskennis is noodsaaklik vir finansiële beplanners sodat hulle hul kliënte se vertroue kan wen en langtermynverhoudinge met hulle kan opbou.**

Die BCom wat op finansiële beplanning gerig is, is ontwerp om jou toegang tot die Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning te bied. As jy die Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning in jou sak het, kan jy vir die toelatingseksamen tot die internasionaal erkende benaming CERTIFIED FINANCIAL PLANNER® (CFP®) inskryf. (Lees meer oor die CFP-benaming by www.fpi.co.za.)

**Hierdie fokusarea dek die onderstaande spesialisasievelde:**

- Die regulatoriese omgewing
- Beleggingsbeplanning
- Langtermyn- en korttermynversekering
- Aftreebeplanning
- Boedelbeplanning, en
- Besigheidsversekering.

**Wat is jou loopbaanmoontlikhede?**
Met kennis van finansiële beplanning kan jy 'n loopbaan as professionele finansiële beplanner of adviseur volg. Hoewel baie mense kies om by 'n bestaande finansiëlebeplanningspraktyk aan te sluit, kan jy jou eie finansiëlebeplanningsonderneming begin as jy entrepreneursvaardighede het. Daar is ook talle ander loopbaanmoontlikhede in die finansiëledienstebedryf buiten dié van professionele finansiële beplanner, soos welvaartbestuurder, makelaar, konsultant, versekeringspesialis en kliënteverhoudingebestuurder.

## Oorsig van driejarige program met Finansiële Beplanning as fokusarea

| BCom (Bestuurswetenskappe) | | |
|---|---|---|
| Fokusarea: Finansiële Beplanning | | |
| Jaar 1 (126 krediete) | Jaar 2 (minstens 128 krediete) | Jaar 3 (minstens 120 krediete) |
| **Verpligte modules** | **Verpligte modules** | **Verpligte modules** |
| Ondernemingsbestuur 113(12), 142(6) | Ekonomie 214(16)*, 244(16)* | Finansiële Beplanning 314(24), 344(24) |
| Ekonomie 114(12), 144(12) | Finansiële Rekeningkunde 288(32) | Beleggingsbestuur 314(12), 324(12), 344(12) |
| Finansiële Rekeningkunde 188(24) | Finansiële Bestuur 214(16) | Beleggingsbestuur 348(12) of 354(12) |
| Inligtingstelsels 112(6) | Beleggingsbestuur 254(16) | Belasting 388(24) |
| Professionele Kommunikasie vir EBW 144(6) | Handelsreg (Handel) 285(32) | |
| Statistiek en Datawetenskap 188(18) | | |
| Renterekening 152(6) | | |
| **Aanbevole keusemodules** Plus enige 24 krediete uit die volgende: | | |
| Bedryfsielkunde 114(12), 144(12) | | |
| Inleiding tot Vervoer- en Logistieke Stelsels 144(12) | | |
| Politieke Wetenskap 114(12), 144(12) | | |
| Filosofie 114(12), 144(12) | | |
| Openbare en Ontwikkelingsbestuur 114(12), 144(12) | | |
| Sosiologie 114(12), 144(12) | | |

* Jy moet minstens 32 krediete uit skryf- en inligtingverrykte modules (gemerk met *) neem.

Besoek **die Fakulteit se webblad vir voorgraadse akademiese programme** vir module-omskrywings.





# FOKUSAREA: BELEGGINGSBESTUUR

**Beleggingsbestuurders, ook bekend as fondsbestuurders en batebestuurders, belê hul kliënte se geld só dat die kliënte se welvaart met verloop van tyd kan groei. Beleggingsbestuurders vervul 'n sleutelrol in beleggingsfondse, pensioenfondse en ander ekosisteme vir belegging.**

Om die beste beleggings uit te soek verg spesialis-kennis van verskeie bateklasse, risiko's en opbrengs, en tydhorisonne. Daarom betaal baie mense beleggingsbestuursfirmas om beleggings vir hulle te selekteer. Beleggingsbestuursfirmas doen al die werk wat nodig is om beleggingsportefeuljes vir hul kliënte saam te stel en nuwe beleggings-moontlikhede te ontgin wat andersins ontoeganklik sou wees.

As jy belangstel in 'n loopbaan as beleggings-bestuurder, sal hierdie BCom-graad wat op beleggingsbestuur fokus jou 'n stewige grondslag gee. Die graad berei jou ook voor op die Vlak 1-eksamen vir die internasionale Chartered Financial Analyst®- (CFA®-)kwalifikasie, wat gesog in die beleggingsbestuursberoep is. Dit rus jou toe met die vaardighede en kennis om in die mededingende beleggingsbedryf te floreer. Alle leeruitkomste van die Vlak 1- CFA®-eksamen word in hierdie BCom-graad gedek.

As jy die BCom verwerf het wat op beleggings-bestuur gefokus is, kan jy honneursstudies oorweeg. Die leeruitkomste vir Vlak 2- en Vlak 3- CFA®-eksamens word daarin gedek.

Besoek [www.cfainstitute.org](http://www.cfainstitute.org) vir inligting oor die CFA-program (klik op "CFA program").

**Wat is jou loopbaanmoontlikhede?**
Loopbaankeuses sluit in dié van beleggingsbestuurder, beleggingsontleder, aandelemakelaar, portefeuljebestuurder en batebestuurder by 'n beleggingsbestuursfirma. Beleggingsbestuursfirmas doen werk vir verskillende soorte kliënte; sommige fokus op welvarende individuele beleggers terwyl ander dienste aan maatskappye, barmhartigheidsorganisasies, trusts of groot maatskappye lewer.

## Oorsig van driejarige program met Beleggingsbestuur as fokusarea

| BCom (Bestuurswetenskappe) | | |
|---|---|---|
| Fokusarea: Beleggingsbestuur | | |
| Jaar 1 (126 krediete) | Jaar 2 (minstens 128 krediete) | Jaar 3 (minstens 120 krediete) |
| **Verpligte modules**<br><br>Ondernemingsbestuur 113(12), 142(6)<br><br>Ekonomie 114(12), 144(12)<br><br>Finansiële Rekeningkunde 188(24)<br><br>Inligtingstelsels 112(6)<br><br>Professionele Kommunikasie vir EBW 144(6)<br><br>Statistiek en Datawetenskap 188(18)<br><br>Renterekening 152(6)<br><br>**Aanbevole keusemodules**<br>*Plus enige 24 krediete uit die volgende:*<br><br>Bedryfsielkunde 114(12), 144(12)<br><br>Inleiding tot Vervoer- en Logistieke Stelsels 144(12)<br><br>Politieke Wetenskap 114(12), 144(12)<br><br>Filosofie 114(12), 144(12)<br><br>Openbare en Ontwikkelings-bestuur 114(12), 144(12)<br><br>Sosiologie 114(12), 144(12) | **Verpligte modules**<br><br>Ekonomie 214(16)*, 244(16)*<br><br>Finansiële Rekeningkunde 288(32)<br><br>Finansiële Bestuur 214(16)<br><br>Beleggingsbestuur 254(16)<br><br>Statistiek 214(16), 244(16), 244(16) | **Verpligte modules**<br><br>Beleggingsbestuur 314(12), 324(12), 344(12), 348(12), 354(12)<br><br>**Aanbevole keusemodules**<br>*Plus 60 krediete uit die onderstaande lys, waarvan minstens 48 uit een vak moet kom:*<br><br>Ekonomie 318(24), 348(24)<br><br>Finansiële Bestuur 314(12)#, 332(12)#, 352(12), 354(12)<br><br>Finansiële Beplanning 314(24), 344(24)<br><br>Statistiek 318(24), 348(24) |

* Jy moet minstens 32 krediete uit skryf- en inligtingverrykte modules (gemerk met *) neem.
# Indien jy Finansiële Bestuur 314(12) en 332(12) kies, kan jy hierdie program gebruik om vir die BComHons (Ondernemingsbestuur) met Spesialisasie in Finansiële Analise te kwalifiseer.
** Gaan na http://www.sun.ac.za/english/faculty/economy/business-management vir modulebeskrywings.

"Oor my hele studieloopbaan heen het die Universiteit verskeie sakeleiers uit die privaat sektor genooi om hul kennis met ons te kom deel. My graad het personeelwerwers laat verstaan dat ek bevoeg en bekwaam is" [uit Engels vertaal].
**Bongi Shabalala, BCom (Bestuurswetenskappe) alumnus**



# FOKUSAREA: BEMARKINGSBESTUUR

**Bemarkingsbestuurders is verantwoordelik vir die posisionering en bevordering van 'n maatskappy se handelsmerk, asook die produkte of dienste wat die maatskappy verskaf. Oorhoofs gesien help hulle om handelsmerkbewustheid te verhoog deur bemarkingsveldtogte te ontwikkel, en om klante te lok en hul lojaliteit op lang termyn te behou.**

Die BCom in Bestuurswetenskappe wat op Bemarkingsbestuur fokus, rus jou toe met bemarkingskennis en -vaardighede waarmee jy in bedryfsrigtings soos kleinhandel, vervaardiging, finansiële en openbare dienste, gasvryheid en toerisme, snel bewegende verbruiksgoedere (Engels: FMCGs) en reklame kan werk. Die program word voortdurend aangepas om met digitale tegnologieë en veranderende verbruikersgedrag tred te hou.

**Die fokusarea Bemarkingsbestuur dek die volgende:**

- Bemarkingsteorie en verbruikersgedrag
- Die toepassing van die teorie op verskillende aspekte van bemarking, met besondere klem op kleinhandel, dienste, bemarkingskommunikasie en bemarkingsnavorsing, en
- Die ontwikkeling van 'n bestuursoriëntasie tot die benadering van bemarkingsbesluite.

**Wat is jou loopbaanmoontlikhede?**

Moontlike loopbane sluit in dié van bemarkingsbestuurder, reklamebestuurder, handelsmerkbestuurder en bemarkingsnavorser – in die privaat, openbare óf niewinsgerigte sektor. Bemarkingsbestuurders het gewoonlik dinamiese loopbane in bedryfsrigtings soos die kleinhandel, finansiële dienste, toerisme, ontspanning, landbou, vervaardiging, opvoeding, openbare dienste en niewinsgerigte organisasies.

## Oorsig van driejarige program met Bemarkingsbestuur as fokusarea

| BCom (Bestuurswetenskappe) | | |
|---|---|---|
| Fokusarea: Bemarkingsbestuur | | |
| Jaar 1 (126 krediete) | Jaar 2 (minstens 128 krediete) | Jaar 3 (minstens 120 krediete) |
| **Verpligte modules**<br><br>Ondernemingsbestuur 113(12), 142(6)<br><br>Ekonomie 114(12), 144(12)<br><br>Finansiële Rekeningkunde 188(24)<br><br>Bedryfsielkunde 114(12), 144(12)<br><br>Inligtingstelsels 112(6)<br><br>Professionele Kommunikasie vir EBW 144(6)<br><br>Statistiek en Datawetenskap 188(18)<br><br>Renterekening 152(6) | **Verpligte modules**<br><br>Bemarkingsbestuur 214(16)*, 244(16)*<br><br>**Aanbevole keusemodules**<br>*Plus 96 krediete waarvan minstens 64 uit twee van die volgende moet kom:*<br><br>Ekonomie 214(16)*, 244(16)*<br><br>Ondernemingsbestuur en Innovasiebestuur 214(16)*, 244(16)*<br><br>Finansiële Bestuur 214(16), 244(16)*<br><br>Bedryfsielkunde 224(16)*<br><br>Logistiek en Voorsieningskettingbestuur 214(16)*, 244(16)* | **Verpligte modules**<br><br>Bemarkingsbestuur 314(12), 324(12), 344(12), 348(12), 354(12)<br><br>**Aanbevole keusemodules**<br>*Plus 72 krediete uit die onderstaande lys, waarvan minstens 48 uit een vak moet kom:*<br><br>Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 318(24), 348(24)<br><br>Bedryfsielkunde 314(12), 324(12), 348(24)<br><br>Logistiek en Voorsienings-kettingbestuur 314(12), 324(12), 344(12), 354(12)<br><br>Bestuur van Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid 314(12)<br><br>Strategiese Bestuur 344(12) |

* Jy moet minstens 32 krediete uit skryf- en inligtingverrykte modules (gemerk met *) neem.

Besoek die Fakulteit se webblad vir voorgraadse akademiese programme vir module-omskrywings.






# BCom in Internasionale Besigheid

Die vierjarige BCom (Internasionale Besigheid) berei gegradueerdes voor om as rolspelers in die internasionale kennisekonomie op te tree. Hierdie graadprogram sal jou dus help om in die internasionale sakewêreld te floreer danksy kursusse in ekonomie, bemarking, finansies, bestuur, inligtingstegnologie, handelsreg, politieke wetenskap, interkulturele kommunikasie en 'n vreemde taal.

**Die program behels ook die volgende:**

- 'n Uitruilsemester aan die einde van die derde studiejaar (jy skryf by 'n buitelandse universiteit in)
- 'n Kombinasie van BCom-modules met modules by die fakulteite Regsgeleerdheid en Lettere en Sosiale Wetenskappe, en
- 'n Vreemde taal (Chinees, Duits of Frans) in die tweede jaar.



# Verdere programinligting

| | |
|---|---|
| **Duur:** | 4 jaar |
| **Krediete:** | Minstens 516 |
| **Toelatingsvereistes:** | Nasionale Senior Sertifikaat-gemiddeld van minstens 80% (met uitsluiting van Lewensoriëntering), Wiskunde 70%, Engels Huistaal 70% of Engels Eerste Addisionele Taal 80%, enige addisionele taal 70% |
| **Getal plekke beskikbaar:** | 100 |
| **Onderrigtaal:** | Engels |
| **Plek van aanbieding:** | Alle kontaksessies word, tensy anders aangedui, op die Universiteit Stellenbosch se hoofkampus aangebied. |
| **Sluitingsdatum vir aansoeke:** | 30 Junie elke jaar |
| **Waar jy kan aansoek doen:** | Elektronies, by www.maties.com |

**Wat is jou loopbaanmoontlikhede?**
Hierdie program kan werkgeleenthede by multinasionale firmas binne jou bereik plaas. Jou spesialisasieveld in die finale jaar, wat minstens een vak uit die Ondernemingsbestuur-fokusareas moet insluit, bied jou verskillende loopbaangeleenthede wat met die fokusareas Bemarkingsbestuur, Beleggingsbestuur, Finansiële Bestuur of Entrepreneurskap en Innovasiebestuur verband hou.

## Oorsig van vierjarige program met Internasionale Besigheid as fokusarea

| BCom (Internasionale Besigheid) | |
|---|---|
| Jaar 1 (120 krediete) | |
| **Verpligte modules** | |
| Ondernemingsbestuur | 113(12), 142(6) |
| Ekonomie | 114(12), 144(12) |
| Finansiële Rekeningkunde | 188(24) |
| Inligtingstelsels | 112(6) |
| Statistiek en Datawetenskap | 188(18) |
| Renterekening | 152(6) |
| Plus modules uit die onderstaande lys om ten minste 120 krediete op te maak | |
| **Keusemodules** | |
| Bedryfsielkunde | 144(12) |
| Filosofie | 114(12), 144(12) |
| Professionele Kommunikasie vir EBW | 144(16) |
| Sosiologie | 114(12), 144(12) |



| BCom (Internasionale Besigheid) | |
|---|---|
| Jaar 2 (144 krediete) | |
| Verpligte modules | |
| Ekonomie | 214(16), 244(16) |
| Politieke Wetenskap | 114(12), 144(12) |
| Plus minstens 24 krediete uit een van die volgende taalvakke: | |
| Chinees | 178(24) of |
| Frans | 178(24) [188(24) as jy Frans op Grade 12-vlak geslaag het] of |
| Duits | 178(24) [188(24) as jy Duits op Graad 12-vlak geslaag het] |
| Plus minstens 32 krediete uit een van die volgende vakke (alle modules van die vak): | |
| Entrepreneurskap en Innovasiebestuur | 214 (16)ᶠ, 244 (16)ᶠ of |
| Finansiële Bestuur | 214(16), 244(16)** of |
| Bemarkingsbestuur | 214 (16) §, 244 (16)§ |
| Plus minstens 32 krediete uit die volgende: | |
| **Keusemodules** | |
| Entrepreneurskap en Innovasiebestuur | 214(16) ᶠ, 244(16) ᶠ |
| Finansiële Bestuur | 214(16), 244(16) ** |
| Beleggingsbestuur | 254(16) ** |
| Bemarkingsbestuur | 214(16) §, 244(16) § |
| Sosiologie | 212(8), 222(8), 242(8), 252(8) |

ᶠ As jy Entrepreneurskap en Innovasiebestuur 214 en 244 kies, kan jy nie Sosiologie 212, 222, 242 en 252 neem nie; daar is roosterbotsings.

** Jy kan nie Finansiële Bestuur 244(16) saam met die keusemodule Beleggingsbestuur 254(16) neem nie; daar is roosterbotsings.

§ As jy die Bemarkingsbestuurbaan gekies het, is Bedryfsielkunde 224 verpligtend; jy kan dit in jou derde óf vierde jaar neem.

| BCom (Internasionale Besigheid) | |
|---|---|
| Jaar 3 (minstens 132 krediete)* | |
| **Verpligte modules** | |
| Uitruilsemester | 342(60) [Slegs as jy vir die BCom (Internasionale Besigheid)-graad aan die Universiteit Stellenbosch ingeskryf is]. |
| Inleiding tot Interkulturele Kommunikasie | 312(12) |
| Regsaspekte van Internasionale Besigheidstransaksies | 312(12) |
| Bestuur van Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid | 314(12) |
| Politieke Wetenskap | 222(8) |
| Plus een van die onderstaande modules wat jy nié in jou tweede jaar geneem het nie: | |
| Entrepreneurskap en Innovasiebestuur | 214(16) of |
| Finansiële Bestuur | 214(16) of |
| Bemarkingsbestuur | 214(16) |
| Of minstens 24 krediete uit die onderstaande vierdejaarskeusemodules, mits jy die vereisde modulekrediete verwerf het om vir die vierde jaar te kan inskryf: | |
| Ekonomie | 318(24) |
| Entrepreneurskap en Innovasiebestuur | 318(24) |
| Finansiële Bestuur | 314(12)[ƒ], 332(12)[ƒ] |
| Beleggingsbestuur | 314(12), 324(12) |
| Bemarkingsbestuur | 314(12)[§], 324(12)[§] |
| Plus minstens 12 krediete uit die volgende: | |
| **Keusemodules** | |
| Bedryfsielkunde | 224(16)[§] |
| Politieke Wetenskap | 212(8) |
| Sosiale Antropologie | 324(12)[ƒ] |

§ As jy die Bemarkingsbestuurbaan gekies het, is Bedryfsielkunde 224 verpligtend; jy kan dit in jou derde óf vierde jaar neem.

ƒ As jy Finansiële Bestuur 314 en 332 kies, kan jy nie Sosiale Antropologie 324 neem nie, as gevolg van roosterbotsings.

* Afhangend van die omstandighede in 'n gegewe jaar (soos Covid-19 of uitruilgeleenthede), kan jy die alternatief gebied word om vir die uitruilsemester in jou vierde jaar te registreer, of om die derde en vierde studiejaar om te ruil.

| BCom (Internasionale Besigheid) | |
|---|---|
| Jaar 4 (120 krediete) | |
| **Verpligte modules** | |
| Strategiese Bestuur | 344(12) |
| Plus een van die onderstaande vakke (alle modules van die betrokke vak) wat by jou fokusarea uit jou tweede en derde jaar inpas: | |
| Entrepreneurskap en Innovasiebestuur | 318(24), 348(24) of |
| Finansiële Bestuur | 314(12)***, 332(12)***, 352(12), 354(12) of |
| Beleggingsbestuur | 314(12) 324(12), 344(12), 348(12), 354(12) of |
| Bemarkingsbestuur[§] | 314(12) [ƒ], 324(12) [ƒ], 344(12), 354(12) |
| Plus modules uit die lys hieronder sodat dit saam met die modules hierbo op 120 krediete te staan kom: | |
| **Keusemodules** | |
| Ekonomie | 318(24), 348(24) |
| Entrepreneurskap en Innovasiebestuur | 318(24), 348(24) |
| Finansiële Bestuur | 314(12)***, 332(12)***, 352(12), 354(12) |
| Beleggingsbestuur | 314(12), 324(12), 344(12), 348(12), 354(12) |
| Bemarkingsbestuur § | 314(12)[ƒ], 324(12)[ƒ], 344(12), 354(12) |
| Bedryfsielkunde | 224(16)[§] |
| Politieke Wetenskap | 242(8), 324(12)[ƒ] |
| Sosiale Antropologie | 324(12)*** |

§ As jy die Bemarkingsbestuurbaan gekies het, is Bedryfsielkunde 224 verpligtend; jy kan dit in jou derde óf vierde jaar neem.

ƒ As jy Bemarkingsbestuur 314 en 324 kies, kan jy nie Politieke Wetenskap 324 neem nie; daar is roosterbotsings.

*** As jy Finansiële Bestuur 314 en 332 kies, kan jy nie Sosiale Antropologie 324 neem nie; daar is roosterbotsings.

"Die Universiteit se hulpbronne en mense sorg gesamentlik dat jy sukses behaal. Hulle moedig entrepreneurskap en nuwe maniere van dink aan. Die moontlikhede eindig nie by die graadprogram wat jy gekies het nie. Wees bereid om geleenthede by te woon, en werk saam en kommunikeer met jou klasmaats en dosente" [uit Engels vertaal].

**Bongi Shabalala, BCom (Bestuurswetenskappe) alumnus**



# Eenjarige honneursgraad

**Nagraadse studies bied jou die geleentheid om dieper in jou belangstellingsveld te delf. Die bykomende studiejaar sal jou vaardighede slyp, jou help uitstaan in die skare en jou in staat stel om meer waarde tot jou toekomstige werkgewer toe te voeg.**

As jou voorgraadse studies geslaagd was, kan jy vir honneursstudies by die Departement Ondernemingsbestuur aansoek doen.

**Die honneursprogram bied vier fokusareas waaruit jy kan kies:**

- HonsBCom (Ondernemingsbestuur: Spesialisering in Strategie en Innovasie)
- HonsBCom (Ondernemingsbestuur: Spesialisering in Bemarkingsbestuur)
- HonsBCom (Ondernemingsbestuur: Spesialisering in Finansiële Bestuur)
- HonsBCom (Ondernemingsbestuur: Spesialisering in Finansiële Analise)

Om 'n honneursprogram in enige van hierdie fokusareas suksesvol af te handel, moet jy 'n kombinasie van nagraadse modules met 'n gesamentlike kredietlading van minstens 120 slaag. Minstens 84 krediete moet kom uit modules wat deur die Departement Ondernemingsbestuur aangebied word. Let asseblief op die toelatingsvereistes vir die onderskeie modules.

Die Navorsingswerkstuk-module ('n skripsie van 30 krediete) is verpligtend vir alle honneursstudente in die Departement Ondernemingsbestuur. Dit moet handel oor 'n navorsingsonderwerp wat op jou fokusarea in die honneursprogram van toepassing is. Jy moet ook die verpligte oriënteringsprogram bywoon in die week voordat die amptelike akademiese program 'n aanvang neem.

# Programinligting

| | |
|---|---|
| **Voorvereistes:** | Toelating tot die Departement Ondernemingsbestuur se honneursprogram behels algemene sowel as fokusarea-spesifieke vereistes waaraan jy moet voldoen om in aanmerking te kom. Raadpleeg asseblief die Universiteit se Jaarboek en/of webblad voordat jy aansoek doen. |
| **Duur:** | 1 jaar, voltyds |
| **Krediete:** | 120 |
| **Die vier fokusareas waaruit jy kan kies:** | Strategie en Innovasiebestuur, Bemarkingsbestuur, Finansiële Bestuur en Finansiële Analise. |
| **Toelatingsvereistes vir studente wat 'n BCom (Bestuurswetenskappe) by die Departement Ondernemings-bestuur verwerf het:** | 'n Slaagpunt van 60% vir die BCom-graad, met minstens 50% vir Statistiese Metodes (176) en vir Renterekening (152) sowel as Inleiding tot Statistiek (186) óf Waarskyn-likheidsteorie en Statistiek (114/144). Daar is ook ander vereistes; raadpleeg asseblief die Departement se webblad en die Universiteit se Jaarboek vir verdere besonderhede. |
| **Toelatingsvereistes vir studente wat oor ander baccalaureusgrade beskik:** | 'n BCom-, BA- of BAgricAdmin-graad van die Universiteit Stellenbosch, of 'n ander baccalaureusgraad wat die Senaat goedgekeur het; minstens 60% vir Wiskunde in graad 12; geslaagde afhandeling van 'n goedgekeurde kursus in navorsingsmetodologie (Bemarkingsnavorsing 344 of Finansiële Bestuur 352 in die geval van Universiteit Stellenbosch-studente). 'n Slaagpunt van minstens 50% vir Statistiese Metodes (176) en Renterekening (152), sowel as vir Inleiding tot Statistiek (186) of Waarskynlikheidsteorie (114/144). Raadpleeg asseblief die Departement se webblad en die Universiteit se Jaarboek vir verdere besonderhede. |
| **Aantal plekke:** | Die getal kandidate per fokusarea sal afhang van heersende omstandighede soos beskikbare akademiese kapasiteit. |
| **Onderrigtaal:** | Engels |
| **Plek van aanbieding:** | Alle kontaksessies word, tensy anders aangedui, op die Universiteit Stellenbosch se hoofkampus aangebied. |
| **Sluitingsdatum vir aansoeke:** | 31 Oktober elke jaar. |
| **Verdere besonderhede:** | Jaarboek van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, **hier**. |

Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe



# Magister- en PhD-programme

## Navorsing wat op teorie gegrond is

Die Departement Ondernemingsbestuur bied 'n navorsingsgebaseerde magistergraad- en navorsingsgebaseerde PhD-graadprogram aan. Dit beteken dat geen kredietdraende kursuswerk deel van enigeen van die twee grade uitmaak nie.

Die Departement onderskryf die beskouing dat universiteite navorsing moet onderneem om bestaande teorieë uit te toets en nuwe teorieë op te lewer. 'n Teoretiese onderbou is dus noodsaaklik vir enige nagraadse studie. Daarom moet jy duidelik uiteensit watter moontlike teoretiese bydrae jou voorgenome navorsing kan lewer. Die klem is dus op akademiese navorsing, nie toegepaste navorsing nie. Ons aanvaar nie studente wie se enigste oogmerk is om 'n maatskappyverwante probleem te ondersoek nie.

**Toelatingsvereistes**
Toelating tot magister- en PhD-studies verg 'n hoogs gespesialiseerde akademiese agtergrond wat voorgraadse akademiese kwalifikasies insluit. Hierdie graadprogramme is dus nie geskik vir voornemende kandidate met 'n meer "algemene" (niegespesialiseerde) akademiese agtergrond nie.

Maatstawwe vir inskrywing vir 'n **magister-graad** by die Departement Ondernemingsbestuur:

- 'n Honneursgraad in ondernemings-bestuur wat aan 'n universiteit verwerf is
- 'n Slaagpunt van 65%
- Bewys dat jy 'n kursus in navorsings-metodologie bygewoon en geslaag het
- Toepaslike akademiese kwalifikasies in die gekose spesialisasieveld (bv. in bemarking, beleggingsbestuur of finansiële bestuur), en
- 'n Geskikte onderwerp vir 'n tesis.

Maatstawwe vir inskrywing vir 'n **PhD**-graad by die Departement Ondernemingsbestuur:

- 'n Voltesis-magistergraad in ondernemingsbestuur wat aan 'n universiteit verwerf is
- Bewys dat jy 'n kursus in navorsings-metodologie bygewoon en geslaag het
- Toepaslike akademiese kwalifikasies in die gekose spesialisasieveld (bv. in bemarking, beleggingsbestuur of finansiële bestuur), en
- 'n Geskikte onderwerp vir 'n proefskrif.

# Meer inligting

| | |
|---|---|
| **Sluitingsdatum vir aansoeke:** | 1 Oktober in die voorafgaande jaar. |
| **Internasionale aansoeke:** | As jy as internasionale student vir die magister- of PhD-graad wil inskryf, moet jy 'n internasionaal erkende en onafhanklike taalvaardigheidstoets in Engels aflê. Die geskiktheid van hierdie toets moet deur die Departementshoof: Ondernemingsbestuur goedgekeur word voordat jy met die aansoekproses voortgaan. So ook moet internasionale kwalifikasies deur SAKO goedgekeur word. |
| **Korrespondensie met Departementshoof:** | In jou korrespondensie om aansoek te doen, moet jy die Departementshoof: Ondernemingsbestuur **volledig inlig** oor alle vorige aansoeke wat jy by enige departement aan die Universiteit Stellenbosch en/of enige ander universiteit gedoen het. |
| **Studieleiding:** | As die navorsingsonderwerp wat jy voorlê, gepas is, sal die Departementshoof: Ondernemingsbestuur bepaal of die Departement oor die nodige kapasiteit, vaardighede en kundigheid beskik om die voorgenome navorsing te begelei. As dit blyk dat die Departement nie oor die nodige studieleidingskapasiteit beskik wanneer jy aansoek doen nie, sal dit nie moontlik wees om jou inskrywing te aanvaar nie. |

# Hoe om vir ons programme aansoek te doen

Voornemende studente moet elektronies aansoek doen om toelating tot die programme wat die Departement Ondernemingsbestuur aanbied. Meer inligting is op **ons webblad** beskikbaar.

Alle aansoekers sal in Desember 'n elektroniese brief ontvang wat hulle meedeel of hul aansoek geslaag het. Die suksesvolle aansoekers moet bevestig of hulle vir die program gaan inskryf deur 'n bevestigingsvorm in te vul en dit binne een week ná die datum van die brief soos voorgeskryf aan die Departement terug te besorg.

**Departement Ondernemingsbestuur**
Algemene telefoonnommer: +27 (0)21 808 2026
Kontakpersoon: Lorraine Cilliers
E-posadres: lorrainecilliers@sun.ac.za

**Voorgraadse Navrae**
Morné Daniels: +27 (0)21 808 2392
E-posadres: mmd@sun.ac.za

**Nagraadse Navrae (Honneurs-, Magister- en PhD-programme)**
Annali Maass: +27 (0)21 808 3415
E-posadres: apaint@sun.ac.za

Webblad: www.sun.ac.za/english/faculty/economy/business-management
Posadres: Privaatsak X1, Matieland 7602

---

Universiteit Stellenbosch Studentesake (studies, beurse, ens.)
Kliëntediens: +27 (0)21 808 9111 | info@sun.ac.za
Studentegelde: +27 (0)21 808 4520
Registrateur: Privaatsak X1, Matieland 7602

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe